education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2010

## MPUMALANGA

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (20) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: INLIGTINGSTUK

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.

**’N STOKVEL VIR BEGRAFNISSE**

| | |
|---|---|
| Naam | Ubuntu Stokvel |
| Adres | Posbus 12, Kanana, Klerksdorp |
| Gestig | 1998 |
| Getal lede | 35 |
| Ledegeld per maand | R200 |

1 Daar is baie armoede in ons land. Wanneer ’n familielid sterf, kan die familie partykeer nie vir die begrafnis betaal nie. Om mekaar te help om vir begrafnisse te betaal, het ’n groep mense met ’n stokvel begin. Vandag behoort mense uit verskillende kulture aan ’n stokvel.

2 Elke lid van die stokvel moet elke maand ’n sekere bedrag betaal. Hierdie geld word bymekaar gesit wanneer daar vir ’n lid of sy familie se begrafnis betaal moet word.

3 Toe die mense die Ubuntu Stokvel in Kanana begin het, het elke lid R10 betaal. Met die jare het die bedrag verhoog, want begrafnisse word al hoe duurder.

4 As daar nie genoeg geld in die stokvel vir die begrafnis is nie, word daar ’n plan gemaak. Mense gee dan ekstra geld of soms leen die stokvel nog geld.

5 Die lede van die Ubuntu Stokvel kom elke tweede Saterdag van die maand bymekaar. Om geld in te samel, word kos by dié vergaderings verkoop. As iemand laat kom vir ’n vergadering, moet die lid ’n boete betaal.

6 In die Ubuntu Stokvel word die lede soos familie. Hulle gee mekaar raad, help met probleme en niemand skinder van mekaar nie.

7 “Ubuntu” beteken om vir mekaar om te gee, te troos en te help in tye van dood en nood.

8 Word deel van ’n stokvel, dis die beste versekering wat daar is!

[Verwerk uit: *Beeld*, 11 Julie 2008]

1.1 Wat is die naam van hierdie begrafnisstokvel? (1)

1.2 Wanneer is hierdie begrafnisstokvel begin? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.3) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Voltooi: ’n Vergadering word elke ...

A tweede maand gehou.
B derde maand gehou.
C tweede Maandag van die maand gehou.
D tweede Saterdag van die maand gehou. (1)

1.4 Kies die antwoord wat NIE KORREK is NIE. Skryf die vraagnommer (1.4) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Mense het met ’n begrafnisstokvel begin omdat ...

A begrafnisse duur is.
B hulle mekaar wil help.
C hulle ryk wil word.
D hulle arm was. (1)

1.5 Verduidelik in jou eie woorde hoe jy met min geld per maand vir ’n duur begrafnis kan betaal. (1)

1.6 1.6.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Ledegeld bly altyd dieselfde. (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord met ’n rede uit die leesstuk. (1)

1.7 Noem die TWEE maniere waarop die stokvel ekstra geld bymekaar maak. (2)

1.8 1.8.1 Is lede van die stokvel **regtig** almal familie? Skryf JA/NEE in jou ANTWOORDEBOEK neer. (1)

1.8.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 1.9.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Hierdie inligtingstuk het in een van hierdie jaar se tydskrifte verskyn. (1)

1.9.2 Skryf EEN bewys uit die leesstuk neer om jou antwoord op VRAAG 1.9.1 te motiveer. (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.10) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Wat is die boodskap wat Ubuntu Stokvel aan sy lede oordra?

Lede moet mekaar in moeilike tye ...

A troos.
B slegsê.
C vermy.
D beskinder. (1)

1.11 1.11.1 Watter goeie raad, wat nie in die teks voorkom nie, sal jy aan lede van ’n stokvel gee om meer geld te maak? (1)

1.11.2 Sê hoekom dit goeie raad is. (1)
**[16]**

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

***ROOI ROSE*** is 'n bekende **tydskrif** wat lesers aanmoedig om te lees.

# LEES MEER!

Wat kan nou lekkerder wees as om 'n goeie boek te lees? Daar is soveel verskillende soorte boeke beskikbaar. Met boeke kan jy deur die wêreld reis, inligting kry en pryse wen.

*Rooi Rose* bied hierdie maand die volgende boeke aan:

**BOEKE VIR TIENERS**

**Trompie die sakeman** deur Topsy Smith (Human & Rousseau)
Trompie begin 'n snoepie by die skool, maar dit misluk en sy bende verloor die geld waarmee hulle die lekkergoed vir die winkeltjie gekoop het.
Uitgewersprys: R59 *Rooi Rose*-prys*:* R54

**Saartjie se moleste** deur Bettie Naudé (Human & Rousseau)
Saartjie het probleme met 'n boelie van Kaapstad wat almal seermaak.
Sy is ook ongelukkig dat 'n klasmaat haar nie vertrou nie en dink dat sy leuens vertel.
Uitgewersprys: R65 *Rooi Rose*-prys: R60

**BOEKE MET NUTTIGE INLIGTING**

**Betaal Jan Taks minder** deur Ralf Metz (Metz Press)
Die boek gaan oor hoe belasting werk en hoe jy minder belasting kan betaal.
Uitgewersprys: R150 *Rooi Rose*-prys: R135

**Kook soos 'n sjef** deur Anne Meyers (Graffiti Boeke)
As jy van spesiale kos hou, is dit die boek vir jou.
Uitgewersprys: R129 *Rooi Rose*-prys: R117

**BESTEL VINNIG, DIS GOEDKOOP!**

Om een van die bogenoemde boeke teen die spesiale *Rooi Rose*-prys te bestel, kies een van die volgende opsies:

- SMS die woorde "*rooi rose*" gevolg deur jou naam en telefoonnommer na 082 656 0021.
- Stuur 'n faks met jou naam en telefoonnommer na 012 5482 359.
- Bel ons by 012 548 2356 en sê jy wil van die *Rooi Rose*-boeke bestel.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Mei 2008]

2.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (2.1) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die hoofgedagte in hierdie advertensie is:

A *Rooi Rose* is 'n bekende boekwinkel.
B *Rooi Rose* bied net een soort boek aan.
C Jy kan geld spaar deur boeke by *Rooi Rose* te bestel.
D Dit is beter om boeke by uitgewers te koop. (1)

2.2 Haal EEN woord uit die eerste paragraaf aan wat sê dat die spreker baie daarvan hou om te lees. (1)

2.3 In watter TWEE kategorieë word boeke geadverteer? (2)

2.4 Watter boek is die goedkoopste? (1)

2.5 Hoeveel verskillende uitgewers se name verskyn in die advertensie? (1)

2.6 2.6.1 Watter tienerboek sal jy kies? (1)
2.6.2 Gee 'n rede vir jou keuse. (1)

2.7 Wie is die skrywer van die boek "**Betaal Jan Taks minder**"? (1)

2.8 Noem EEN manier waarop die boeke bestel kan word. (1)
**[10]**

**VRAAG 3: KOMPETISIE**

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae.

**KOMPETISIE**

**WEN:** Tien lesers kan 'n eksemplaar van **Kook soos 'n sjef** deur Anne Meyers wen. Wat is die antwoord op die volgende vraag?

**Wie is die skrywer van *Kook soos 'n sjef?***

Pos die antwoord met jou naam, adres en telefoonnommer op 'n poskaart of toegeplakte koevert aan: RESEPTEBOEK, Graffiti Boeke, Posbus 3356, Montanapark, 0159.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2010

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Mei 2008]

3.1 Wat kan lesers wen? (1)

3.2 Wat is die sluitingsdatum vir die kompetisie? (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (3.3) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Jy kan die antwoord met jou naam, adres en telefoonnommer aan Graffiti Boeke ...

A sms.
B pos.
C faks.
D e-pos. (1)

3.4 Wat is die antwoord op die kompetisievraag? (1)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4: WENKE OM KRAG TE BESPAAR**

- Ons land het 'n kragkrisis. Volg die onderstaande wenke om krag te bespaar.
- Som die WENKE oor kragbesparing in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer oorskryf nie (bv. ONNODIGE LIGTE, VOL YSKAS, ens.)
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.

## WENKE OM KRAG TE BESPAAR

**1. ONNODIGE LIGTE**

Die maklikste manier om krag te bespaar, is om net die ligte wat jy nodig het, aan te skakel. As die ligte brand sonder dat iemand dit gebruik, mors dit krag.

**2. VOL KETEL**

Moenie 'n vol ketel water kook vir een koppie koffie nie. 'n Vol ketel neem lank om te kook en dit gebruik baie krag.

**3. VOL YSKAS**

As die yskas propvol is, kan die lug binne-in nie mooi sirkuleer nie en dan gebruik die yskas meer krag. Haal al die onnodige kos uit die yskas uit.

**4. DIE GEYSER**

'n Geyser gebruik baie krag. Skakel die geyser af gedurende tye wanneer jy nie baie warm water gebruik nie. Die water in die geyser bly nog lank warm.

**5. STOOF**

Wees slim wanneer jy kook. Kook alles wat jy wil maak, op een slag. Elke keer as jy die stoofplaat aanskakel, gebruik die stoof weer krag om warm te word.

**6. SELFOONLAAIER**

Trek die selfoonlaaier uit die muurprop as die selfoonbattery vol gelaai is. Solank die selfoonlaaier ingeprop is, gebruik dit krag.

**7. EBG GLOEILAMPE**

Gewone gloeilampe gebruik meer krag as die spesiale energiebesparende gloeilampe. Vervang al die gloeilampe in jou huis met dié soort gloeilampe.


[Verwerk uit: *DRUM,* Maart 2009] **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



[Uit: *Isizulu Sanamuhla,* MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

Thulani is ses jaar oud. Sy ouers is dood en sy ouma sorg vir hom. Hulle woon in ’n dorp langs ’n baie besige pad. Eendag toe hy met sy bal voor hulle huis gespeel het, is hy omgery.


- Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde in 5.1 – 5.23 moet korrek gespel wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Thulani en sy ouma woon in ’n klein (5.1 huis) langs die pad. Hy het besuit om (5.2 na/agter) skool met sy bal op die (5.3 speel + terrein) te speel. Ouma (5.4 wat/wie) vir hom sorg, was bekommerd, want ’n ongeluk kan (5.5 baie vinnig) gebeur. | 5.1<br>5.2<br>5.3<br>5.4<br>5.5 | Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee die regte voorsetsel.<br>Gee EEN WOORD.<br>Kies die regte antwoord.<br>Gee die intensiewe vorm. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Dit is ook ’n (5.6 besige/besiger/besigste) pad en baie (5.7 ongeluk) vind daar plaas. Ouma (5.8 se/sê) altyd vir hom om versigtig te wees, maar hy luister nie. Hy (5.9 vergeet/verkeerd) van die motors en konsentreer op die spel. | 5.6<br>5.7<br>5.8<br>5.9 | Kies die regte antwoord.<br>Gee die meervoud.<br>Kies die regte antwoord.<br>Kies die korrekte woord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| Ouma het die hele tyd buite die huis gestaan om hom dop te (5.10 ...). | 5.10 | Voltooi die infinitief. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die bal (5.11 met + wat) Thulani gespeel het, het skielik aan die oorkant van die pad | 5.11 | Gee EEN WOORD. | (1) |
| (5.12 beland/verland). Hy het oor die straat agter die bal aangehardloop en Ouma het | 5.12 | Kies die regte woord. | (1) |
| (5.13 gekyk/gesien) daar kom ’n motor aan. | 5.13 | Kies die regte woord. | (1) |
| Ouma kon nie haar (5.14 ... glo) nie. Die bestuurder van die motor kon nie betyds | 5.14 | Gee die REGTE WOORD. | (1) |
| (5.15 stilhou) nie en Thulani is omgery. Thulani het vreeslik hard op die pad geval en | 5.15 | Gee 'n sinoniem. | (1) |
| sy (5.16 links + hand) gebreek. | 5.16 | Gee EEN WOORD. | (1) |
| Die geskokte bestuurder het dadelik stilgehou en (5.17 uitspring/uitgespring). Hy het probeer | 5.17 | Kies die regte woord. | (1) |
| om Thulani te (5.18 help/hulp). Die bestuurder | 5.18 | Kies die regte woord. | (1) |
| het (5.19 vinniger/vinnigste) as Ouma die ambulans gebel. | 5.19 | Gee die regte trap van vergelyking. | (1)<br>(1) |
| By die hospitaal het ’n vriendelike (5.20 dr.) en verpleegster hom gehelp. | 5.20 | Skryf die afkorting voluit. | (1) |
| Vir Thulani was die hele gebeurtenis (5.21 ’n ... pil om te sluk). | 5.21 | Voltooi die idioom met die regte woord. | (1) |
| Dis nou al die (5.22 twede/tweede) keer dat ’n ongeluk op die pad plaasvind. | 5.22 | Kies die regte woord. | (1) |
| Kinders moet (5.23 onthou/behou) dat ’n pad nie ’n speelplek is nie. | 5.23 | Kies die regte woord. | (1)<br>**[23]** |

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.





[Verwerk uit: *WEG*, Augustus 2008]

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Dawie hou langs die padkafee stil.<br>(Dawie ... langs die padkafee ... .) | 6.1 | Skryf in die verlede tyd. | (2) |
| 6.2 | Hy wil ’n bietjie rus.<br>(Hy wil ... ’n bietjie rus ... .) | 6.2 | Skryf in die ontkennende vorm. | (2) |
| 6.3 | Hy koop vir hom ’n yskoue koeldrank.<br>(Môre ... hy vir hom ’n yskoue koeldrank ... .) | 6.3 | Skryf in die toekomende tyd. | (2) |
| 6.4 | Die man sê vir Dawie: “Dit is baie warm.”<br>(Die man sê vir Dawie dat ... .) | 6.4 | Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| 6.5 | Dawie drink koeldrank. Hy is dors. (omdat) | 6.5 | Verbind die sinne met die woord tussen hakies. | (1) |
| 6.6 | is jou koeldrank koud | 6.6 | Verbeter die skryfteken en vul die ontbrekende leestekens in. | (2) |
| 6.7 | Dawie kan nie tyd mors nie, <u>want die pad is lank</u>. (Hoekom kan ... .) | 6.7 | Voltooi die vraag sodat die onderstreepte deel die antwoord is. | (2) |
| 6.8 | Die winkelier verkoop koeldrank.<br>(Koeldrank ... deur die winkelier ... .) | 6.8 | Skryf die sin in die lydende vorm. | (2) |
| 6.9 | Buite die kar Dawie staan. | 6.9 | Verbeter die woordorde. | (2) |
| 6.10 | Bestel Dawie nog ’n koeldrank?<br>(Dawie ... .) | 6.10 | Verander die sin in ’n stelsin. | (1) |
| 6.11 | Langs die pad moenie stilhou nie. Begin so: (Moenie ...). | 6.11 | Skryf die sin oor en begin soos aangedui. | (2)<br>**[20]** |

## VRAAG 7: REDIGERING

Kyk na die strokiesprent en beantwoord die vrae.




[Uit: *MENSE*, Desember 2007]

Thabo, die taxibestuurder, doen iets verkeerd en die verkeerskonstabel waarsku hom.

- Volg die instruksies in die regterkantse kolom en skryf die sinne korrek oor.
- Onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Gisteraand Thabo het lekker partytjie gehou. | 7.1 | Verbeter die woordordefout. | (1) |
| 7.2 | Thabo sê hy moeg is. | 7.2 | Verbeter die woordordefout. | (1) |
| 7.3 | Thabo is moeg want dit is ’n besige tyd van die jaar. | 7.3 | Vul die regte leesteken in. | (1) |
| 7.4 | Die verkeerskonstabel stop langs/voor die taxi (prentjie 4). | 7.4 | Kies die regte voorsetsel. | (1) |
| 7.5 | Die verkeersman waarsku Thabo om te wakker bly.<br>(Die verkeersman waarsku Thabo om ... .) | 7.5 | Verbeter die infinitief. | (1) |
| 7.6 | Thabo sal/sou nie weer by die verkeerslig slaap nie. | 7.6 | Kies die regte woord. | (1) |
| 7.7 | Die verkeerskonstabel voel gelukkig omdat hy/sy Thabo kon help. | 7.7 | Kies die regte voornaamwoord. | (1) |
| 7.8 | In die toekoms moet Thabo ’n biekie wakkerder wees. | 7.8 | Maak die spelfout reg. | (1) |
| 7.9 | Thabo moet nie laat gaan slaap. | 7.9 | Verbeter die ontkenningsfout. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 7.10 The traffic officer is angry at Thabo. | 7.10 | Kies die KORREKTE vertaling.<br><br>A Die verkeersman is kwaad vir Thabo.<br>B Die verkeersman kwaad vir Thabo is.<br>C Die verkeersman hy is kwaad vir Thabo.<br>D Die verkeersman hy was kwaad vir Thabo. |

(1)
**[10]**

**VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

Kyk na die prent.




[Verwerk uit: *WEG*, Augustus 2008]

8.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (8.1) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Dawie se liggaamstaal demonstreer dat hy baie ...

A bly is.
B dors is.
C kwaad is.
D teleurgesteld is. (1)

8.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (8.2) en die KORREKTE antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

'n Coca Cola-advertensiebord laat mense gewoonlik (honger/dors) voel. (1)
**[2]**

## VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER

Lees die situasie en voer die opdrag uit.

9.1 SITUASIE: Die man en sy vrou wil 'n huis koop. Mev. Sarie Marias, die verkoopsagent, het vir hulle hul droomhuis gekry. Hulle is baie DANKBAAR dat die verkoopsagent so baie gedoen het om die huis vir hulle te kry.

9.1.1 OPDRAG: Wat sê die man aan mev. Marais, die verkoopsagent, om aan te dui hoe DANKBAAR hy is oor die werk wat sy gedoen het?
Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die man: Mevrou, ... . (1)

9.1.2 Skryf 'n kort sinnetjie waarin die man se vrou sê hoe TEVREDE hulle met hul huis is.
Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die vrou: Ai, Mevrou, ... . (1)

9.2 SITUASIE: Die matriekdans is altyd vir matrikulante baie lekker. Pedro en sy vriendin, Adele, het baie na die aand uitgesien. Sy is baie BLY dat hy haar maat vir die aand is. Pedro KOMPLIMENTEER Adele met haar mooi rok.

9.2.1 OPDRAG: Wat sal Pedro sê om aan te dui hoe mooi haar rok is? Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.


Pedro: Adele, ... . (1)

9.2.2 Skryf die woorde neer wat Adele kan sê oor hoe bly sy is dat Pedro haar maat is.
Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Adele: Pedro, ... . (1)

Kopiereg voorbehou 

9.3 SITUASIE: Thando het groente aan ma-Maputi verkoop, maar sy het nie geld om te betaal nie. Later kom haal Thando die geld wat ma-Maputi haar skuld.



[Uit: *Stories that talk,* Dept. of Education]

OPDRAG: Hoe sal Thando op 'n ORDENTLIKE/BELEEFDE manier vir die geld vra?

Kies die KORREKTE antwoord.

A Ma-Maputi, jy móét my geld nou vir my gee.
B Moenie my tyd mors nie, gee my geld!
C Jy het lekker geëet, nou wil ek my geld hê.
D Ma-Maputi, kan ek asseblief my geld kry? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

VRAAG 10: *TOM* - Jeanne Goosen
VRAAG 11: *STOKVEL OP DIE PLAAS* - Justice L Makete

Beantwoord EEN van die twee vrae.

***BLADSAK* – Lucas Malan**

## VRAAG 10

### *TOM* - Jeanne Goosen

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> " 'n Honderd-vervlakste-rand vir 'n halfdooie donkie en 'n kar wat uitmekaar val!" raas ek met my broertjie toe hy met die goed hier op ons erfie aankom.
> Hy laat sy kop sak, maar daar is 'n koppige trek om sy mond. Hy sê: "Maar ons kan dorp toe gaan daarmee en allerhande goed aanry!"
> Ek skud my kop. "Wat aanry?" vra ek *sarkasties.*
> "Ons het altyd goed wat aangery moet word," sê my broertjie.
> "Ag, asseblief tog, man!"
> "Dit was buitendien 'n hengse *bargain*," vervolg hy.
> "Weet jy wat betaal 'n mens vandag vir 'n góéie donkie? Goed. Die karretjie is nou wel 'n bietjie … wel, 'n bietjie lamlendig, maar dié kan ek self regmaak. "

10.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (10.1) en die woord in die ANTWOORDEBOEK neer.

Hierdie verhaal speel af (op 'n plaas/in 'n stad). (1)

10.2 Wat is die donkie se naam? (1)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (10.3) en die antwoord (A – D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

In reël 3 laat die broertjie sy kop sak. Dit wys dat hy … is.

A hartseer
B verbaas
C honger
D moeg (1)

10.4 10.4.1 Hoe kan 'n mens sien dat die donkie mishandel is? (1)

10.4.2 Watter fout sien die verteller met die donkie se tande? (1)

10.5 Hulle kon die donkie en karretjie bekostig.

10.5.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.5.1. (1)

10.6 10.6.1 Hoekom huil die broertjie later in die verhaal? (1)

10.6.2 Wat sê die broertjie vir die verteller? (1)

10.7 10.7.1 Wat is die grootste probleem wat die verteller met Tom het as hulle hom hou? (1)

10.7.2 Hoe wil die broertjie die probleem oplos? (1)

Voltooi die sin met die KORREKTE woord. Kies die woord uit die lys. Skryf net die vraagnommer (10.8) en die korrekte woord in die ANTWOORDEBOEK neer.

| karretjie; erfie; donkie |
|---|

Die broertjie voel baie jammer vir die ... wat hy gekoop het. (1)

10.9 “Dit lyk asof hy (die donkie) lag.” Wat noem ons die beeldspraak? (1)

10.10 Later in die verhaal sê die broertjie van die donkie “love at first fright”. Die korrekte uitdrukking is “love at first sight”.

Waarom het hy die uitdrukking verkeerd gebruik? (1)

10.11 Waar sou die donkie kos kry? (1)

10.12 Kies die KORREKTE woord. Skryf slegs die vraagnommer (10.12) en die woord in die ANTWOORDEBOEK neer. (1)

’n “Bargain” is ’n duur item wat jy met (min/baie) geld koop.

10.13 Hoekom sou jy, as jy die verteller was, die donkie aanvaar het? Gee TWEE redes. (2)

10.14 Waarom, dink jy, het die broertjie die donkie ’n mensnaam gegee? Gee TWEE redes. (2)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 11**

***STOKVEL OP DIE PLAAS* – Justice L Makete**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Etenstyd moet die lede die eerste attensie geniet. Die borde word propvol opgeskep. Sommige stokvelgangers het die vorige nag purgasie geneem. Hulle eet en eet en bly eet tot die laaste stukkie op is.

Diégene wat nie lede is nie, moet gedoriewaar daarvoor betaal. ’n Bord kos kos amper vyf rand, ’n dop mampoer kos ’n rand en die chibuku's vyf-en-sewentig sent per kartonnetjie. Die koekies en die tert kos een rand vyftig sent. Mens kan die koekies tel, net-net vyf! “Skaam hulle, die geldgierige lot,” lug Maraikie haar ontevredenheid.

Teen twee-uur se kant is die *mokiti* by sy hoogtepunt.

Die *zol-eters* en plaaslike skurke is ook teenwoordig. Nie lank nie, of dit is: “Jou moer!” “Jou dikkop!” “Los my cherrie of ek steek jou dood!”

11.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (11.1.1 – 11.1.4) en die letter (A – D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

11.1.1 Chibuku is …

A tradisionele bier.
B dagga.
C skaapafval.
D muntstuk (geld). (1)

11.1.2 Mokiti is ’n …

A hond se naam.
B bril se naam.
C soort musiek.
D partytjie. (1)

11.1.3 ’n Okapi is ’n …

A panga.
B sakmes.
C byl.
D vuurwapen. (1)

11.1.4 Die musiek waarna die bejaardes luister, is …

A kwaito-musiek.
B dansmusiek.
C mbaqanga-musiek.
D kerkmusiek. (1)

11.2 Oupa Skhukhununu was ’n tradisionele dokter.

11.2.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

11.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 11.2.1. (1)

11.3 Noem TWEE eienskappe (karaktertrekke) van MaDlamini. (2)

11.4 Wat is die naam van die plaas waar die stokvel hierdie maand gehou word? (1)

11.5 Watter tyd van die maand word die stokvel gehou? (1)

11.6

> “Elkeen moet woel, want hierdie is ’n buitengewone dag. Almal moet ’n handjie bysit.”

Pas die gedeeltes uit KOLOM B by die regte persoon in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (11.6.1 – 11.6.4) en die letter (A – E) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 11.6.1 | Sis Dudu | A | skil pynappel. |
| 11.6.2 | Baba Dlamini | B | skil pampoen. |
| 11.6.3 | Kholeka | C | maak mampoer en sorghumbier. |
| 11.6.4 | Babsie | D | werk as voorman op die plaas. |
| | | E | maak die skaap se ingewande skoon. |

(4)

11.7 Wat het die bakleiery veroorsaak? (1)

11.8 Hoe kan ’n mens keer dat daar nie ’n bakleiery by die stokvel plaasvind nie? (1)

11.9 11.9.1 Waarom word die skurke “zol-eters” genoem? (1)

11.9.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (11.9.2) en die woord in die ANTWOORDEBOEK neer.

As die skurk van “my cherrie” praat, bedoel hy (sy meisie/ sy drankie). (1)

11.10 Gee TWEE redes uit die storie waarom die stokvel ’n goeie ding is. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou